ATLETE VIR
CHRISTUS

Clanwilliam tot Koffiebaai Toer 2021

ONS HARDLOOP, SING & GESELS CHRISTUS

INHOUDSOPGAWE

Spanlied & Atletelied	3
Wie is ons?	4
Boodskap van Moedergemeente Stellenbosch	5
Boodskap van die bestuurspan	6
Ontmoet die span	8
Toerroete	11
Sangspan liedjies	12

SPANLIED

I know where I`m going and I know
who`s going with me
I know Who writes the music in the stillness
of the morning
I found a wealth of gold and silver have I
plenty
I have a Light to guide me when the road
is dark and stormy

Where are you going? Who will walk beside you?
When the night is gloomy, where is the light to guide
you?
And where`s your gold and your silver brightly shining?
Who writes the music in the stillness of the morning?

I`m going where He goes and He`ll be there beside me
The love for which He died is all I need to guide me
And He`s my gold and my silver brightly shining
He writes the music in the stillness of the morning

Ek wil vir U dank Heer vir U liefde en U genade
U is `n troue leidsman en beskerm my teen gevare
U is die Weg, die Waarheid, die Lewe - U is my vrede
Help my om U te volg Heer, in `n wêreld vol probleme
U is `n sterke Rots: Aan U kan ek my lewe gee
Maak my aan U gehoorsaam om te wandel in U weë
U is getrou, regverdig en almagtig
U ken my hart Heer, daarom bid ek om U seën

AMEN

ATLETELIED

Ons maak ons los van wat agter is
En strek ons uit na voor
Met U sal ons die wedloop nooit verloor
Ja, voor U buig ons neer, U`s ons Skepper, U`s ons Heer
Daarom sing, gesels en draf ons tot U eer

KOOR:

Ons is Atlete vir Christus ons is hier om U te dien
Maak ons bereidwillig, maak ons oë oop om te sien
Sodat ons U naam kan uitdra, U Woord te kan versprei
Met nedrigheid en liefde, en U aan ons sy

Elke las gooi ons af Heer, elke sonde wat ons keer
Om U te dien en ander ook leer
Met volharding wil ons hardloop, net by U kry ons die krag
Daarom sing, gesels en draf ons elke dag

Heer met passie wil ons U navolg
met ons lewens aan U gewy
En ons doen dit met die wete
U`t vir elk van ons gely

KOOR HERHAAL



WIE IS ONS?

Ons is `n groep van 23 Maties (studente aan die Universiteit van Stellenbosch) wat vanjaar vir die 46ste keer sedert die ontstaan van die groep in 1975 uitreik na ons naaste.

Ons doel is tweeledig:
1) Om God die Vader, Jesus Christus Sy Seun en die Heilige Gees te verkondig soos in ons leuse vervat is: "Ons hardloop, sing en gesels Christus."
2) Om fondse in te samel vir die evangelisasiewerk wat Bybelmedia in Suid-Afrikaanse gevangenisse doen.

Elke lid van die span vervul `n unieke daaglikse taak op `n tipiese toerdag, waartydens die atlete die afstand tussen die betrokke dorpe op `n aflosbasis aflê en die sangspan saans optree.

Daar word daagliks Bybelstudie gehou, wat gelei word deur die toerpa, ondersteuning aan atlete gebied en indien moontlik `n gevangenis of ouetehuis besoek. Saans het ons sangspan `n optrede by ons gasheergemeente, dis ook tydens die geleentheid waar die toerpa `n boodskap bring en `n spanlid `n persoonlike getuienis met die gemeente deel.

Ons gebed is dat ons Jesus se liefde sal uitleef en ander inspireer om God Ons Vader te loof en te prys!
Baie dankie vir u teenwoordigheid, belangstelling en ondersteuning.

AHOE! (Aan Hom Ons Eer)

Kontakbesonderhede:
Ané Brink: 060 616 9809
Riaan Kleyn: 084 878 5764
Epos-adres: avc@kruiskerk.com
Webtuiste: www.kruiskerk.com/avc/
Instagram: atlete_4_christus
Facebook: Atlete Vir Christus Fans

Bydraes vir evangelisasiewerk kan gemaak word aan:
NG Kerk Stellenbosch
Nedbank, Business Winelands
Rek: 1498043232 (Tjek)
Takkode: 149821
Verwysing: Borg AvC

Hierdie QR kode kan ook met u kamera geskandeer word en sal u neem na die BackaBuddy webblad om ook so `n donasie te maak.

Boodskap van Moedergemeente Stellenbosch

Ons by Stellenbosch/ Kruiskerk is baie trots op die energie, toewyding en selfloosheid van die studente wat deelneem aan die onderskeie aksies in die gemeente. Tydens die Julie/Augustus vakansie is daar hierdie jaar hoofsaaklik vier aksies wat vanuit ons gemeente op uitreike gaan - Lesotho uitreik, Transkei Werkersaksie, Canticum Novum (kerkkoor) en Atlete vir Christus. Wat my opval, is dat as iemand hier hul hand opsteek as vrywilliger, hul dit doen vanuit `n diep oortuiging dat hulle God se medewerkers in sy wêreld is. Ons glo dat elkeen van die aksies gestalte gee aan ons visie (om `n rivier van lewende water te wees), en studente toerus vir die lewe.

Atlete vir Christus is `n tradisieryke aksie wat al vir meer as 40 jaar tydens die Julie/Augustus vakansie landswyd in verskeie dorpe en stede optree om fondse in te samel vir die bediening aan gevangenes. Dit is `n diverse groep wat betsaan uit atlete, sanggroeplede en persoonlike werkers wat met passie en oortuiging hul tyd en energie vir die Koningryk gee.

Ons wil dankie sê dat julle dit vanjaar vir hulle moontlik maak om by julle dorp tuis te gaan - jul gasvryheid en omgee gaan nie ongesiens verby nie!
Soos Paulus dit so mooi stel: "Moenie moeg word om goed te doen nie" (2 Tess. 3:11). Ons gebed is dat dit vir julle gemeenskap `n diep verrykende ervaring sal wees om saam met hierdie groep tyd te spandeer.

Groete in Christus

Irénée Heyns

Predikante:

Stellenbosch Modergemeente/ Kruiskerk

Ds. Irénée Heyns (Nr: 083 461 8564)

Epos adres: irenee@moederkerk.co.za

Boodskap van die bestuurspan

DS. WOUTER OLIVIER (TOERPA)

Atlete vir Christus beskryf eintlik presies hoe hierdie groep Christenstudente hulle roeping verstaan. Daarom is ons leuse ook heel gepas: “Ons hardloop, sing en gesels Jesus Christus.”
Om `n dissipel van Jesus Christus te wees beteken vir ons om die Here Jesus as Leermeester te volg waar Hy NOU besig is in die wêreld waarin ons leef.
Groot dele van hierdie wêreld is egter gebroke en aangesien Jesus die beste voorbeeld is van liefde wat grense oorsteek wil ons Hom daarin navolg.
Jesus het telkemale persoonlik aan sy dissipels gewys wat dit beteken om Sy volgeling te wees deur diensbaarheid en omgee. Ons lees byvoorbeeld in Matteus 20 van `n belangrike gesprek met sy dissipels. Jesus se woorde aan hulle was:
“Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; en elkeen wat onder julle eerste wil wees, moet julle slaaf wees. So is dit ook met die Seun van die mens: Hy het nie gekom om gedien te word nie maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense.” (Matt 20:26-28)
Met hierdie gesindheid van diens en omgee reik Atlete vir Christus ook uit na mense wat in die gevangenis is. Ons samel ook geld in om aan hulle Bybels te gee as God se lamp vir hulle pad. Hierdie fondse word verder gebruik om materiaal te ontwikkel vir die toerusting van mense in die gevangenis wat die keuse maak om Jesus te volg.
Ons is vanjaar twee toerpa`s wat elkeen `n week saam met die groep meemaak. Ons begelei hulle in die Bybelstudies en ondersteun hulle in die uitreike.
Albei van ons is ook bevoorreg om saam met ons eie kinders hierdie wonderlike ervaring te beleef.

DS. MARINUS THERON (TOERPA)

“Dit is `n ontsettende groot voorreg om saam met hierdie besondere groep jongmense te toer en om deel te wees van die beweging van Jesus Christus in en na die wêreld. Ek sien uit daarna om saam met hulle dit te geniet om Jesus te dien en te volg. En om tussen-deur al die lag en gesels en draf... dit te geniet om gewoon mens te wees!
Ons dank die Here vir elke gemeente en huishouding wat ons ontvang. Byvoorbaat dankie vir die liefde van Jesus wat julle aan ons bewys asook die gasvryheid waarmee julle ons seën. Julle is inderdaad `n skare gelowiges wat ons ondersteun om end-uit te volhard.
Mag julle ook opnuut die Here se seën en genade beleef!
“AHOE!” (Aan Hom Ons Eer)

ANÉ BRINK (AVC LEIER)

Ek is gebore in Worcester en van daai volgende middag tot vandag bly ek op `n plaas in Rawsonville.
Ek is tans `n derdejaar Bedryfsingenieurswese-student en dit is my tweede amptelike toer. In 2019 was ek `n atleet en dié jaar sal ek `n persoonlike werker wees.
Ek sien ongelooflik uit na hierdie jaar se toer! My wens vir die span is dat elkeen God sal ervaar en beleef op sy/haar eie manier, dat ons Sy lig sal leer skyn daar waar ons is en ook leer by wonderlike mense langs die pad.

RIAAN KLEYN (AVC LEIER)

Ek is in George gebore, daar het ek groot geword en matriek voltooi. Daarna het ek by Stellenbosch Universiteit begin studeer en ek het hierdie jaar begin met my meesters in ingenieursbestuur.

Ek wou oorspronklik in my eerste jaar deel vorm van Atlete vir Christus omdat ek die Here wou dien vir Sy goedheid wat Hy aan my bewys - min het ek geweet dat dit so ‘n positiewe impak op my lewe gaan hê. Ek het soveel meer van die Here ontvang as wat ek kon gee. Nou vier jaar later het ek die voorreg om Atlete vir Christus te kan lei terwyl ek my vierde toer aanpak.

My droom vir 2021 se toer is dat elkeen in die span en almal wie ons langs die pad ontmoet sal ervaar dat Jesus se liefde en genade vir ons oneindig groot is en dat Hy oral met ons is waar ons gaan. My doel vir die span is dat alles wat ons doen - elke lied wat ons sing, elke skof wat ons hardloop en elke daad van bediening gedoen word in Jesus se naam.
(Kolossense 3:17)

ZANÉ WESSELS (SANGGROEP LEIER)

Ek is tans ‘n finale jaar BSc Menslike Lewenswetenskappe student (en hoop om volgende jaar Arbeidsterapie te gaan swot) en ek kom van Durbanville.
Hierdie is my derde jaar van Atlete, maar ongelukkig as gevolg van COVID 19 my tweede Atlete toer. Atlete het nog altyd ‘n spesiale plekkie in my hart gehad en dit is vir my ‘n groot voorreg om saam met my wonderlike sangspanlede die Here te kan eer.
Ek kon rerig nie vir ‘n beter sangspan gevra het nie en my hoop is dat ons op hierdie toer baie mense se harte sal aanraak en sal oopmaak vir die Here.

ANSONÉ VAN EEDEN (SANGGROEP LEIER)

Ek is van die pragtige wyndorpie, Wellington en studeer tans BRekeningkunde by Stellenbosch. Hierdie is my eerste toer saam met Atlete vir Christus. My wens vir hierdie toer is dat ons, saam met al die wonderlike dinge wat AvC doen, hierdie jaar ook hoop versprei na die moeilike Covid-19 jaar en net weer bietjie vreugde terug bring.

JAN-LOUIS DE BRUIJN

Heil die leser.

Ek is tans in my finale jaar van studies in Siviele Ingenieurswese en al die pad van die Strand. Hierdie jaar is my derde toer op atlete as 'n PW. Wat ek meeste voor uitsien vir die jaar se toer is om saam met die nuwelinge te toer en die Here se liefde saam met hulle te beleef. Om 'n PW op Atlete vir Christus te wees is vir my 'n groot eer, want om die Here se liefde te kan uitleef en vir ander Sy liefde toon is vir my die betekenis van 'n PW. Atlete is een ongelooflike ervaring en ek is baie dankbaar vir elke dorp en gemeente wat die toer vir ons moontlik maak.

OOM SHAWN (BUSBESTUURDER)

Wat 'n voorreg en lekkerte om weereens deel te wees van 'n wonderlike groep jong mense wat uitreik werk doen vir 'n goeie doel. Sien uit na 'n geseënde toer met almal, pragtige plekke te sien en nuwe kennisse te maak op die pad.

AHOE (Aan Hom ons eer)



Ontmoet die span

Atlete

Riaan Kleyn
MIng (Ingenieursbestuur)
George
Toer 4

Sarah-Lee de Greeff
BIng (Megatronies)
Midrand
Toer 1

Gerrit van Zyl
BScAgric (Hortologie en Grondkunde)
Breërivier
Toer 1

Stefan Smit
Bdiv Teologie
Stellenbosch
Toer 1

Wouter van Velden
BIng (Megatronies)
Wolseley
Toer 1

Nico Olivier
HonsBSc Wynbiotegnologie
Bellville
Toer 3

Schalk Joubert
Hons Biokinetika
Bellville
Toer 3

Louis Fourie
BScAgric (Hortologie en Entomologie)
Middelburg
Toer 3

Gerrit Oosthuizen
BIng (Elektries en Elektronies)
Hermanus
Toer 1

Sangspan

Zané Wessels
BSc (Menslike lewenswetenskappe)
Durbanville
Toer 2

Luhan van Wyk
BScAgric (Veekunde)
Wellington
Toer 2

Ansoné van Eeden
BRek
Wellington
Toer 1

Lindelize Bester
BIng (Megatronies)
Port Elizabeth
Toer 1

Pieter Botha
BScAgric (Landbou ekonomie en Hortologie)
Wellington
Toer 2

Elizé Lottering
BA Tale en Kultuur
Villiersdorp
Toer 1

Surika van Zyl
Bcom Bestuursrekeningkunde
Ceres
Toer 1

Heidi Biehler
BSc (Voedselwetenskap)
George
Toer 1

Nelise van Aardt
BSc (Biodiversiteit en Ekologie)
Hoekwil
Toer 1

Annarita Smit
BScAgric (Hortologie en Plantpatologie)
Wellington
Toer 1

Persoonlike werkers

Ané Brink
BIng (Bedryf)
Rawsonville
Toer 2

Jan-Louis de Bruijin
BIng (Siviel)
Strand
Toer 3

Gita Theron
BIng (Bedryf)
Caledon
Toer 1

Danielle Burger
LLB
Williston
Toer 1

Toerroete



ATLETE VIR CHRISTUS 2021

26 Julie - 7 Augustus

Dag	Vertrek dorp	Oornag dorp	Afstand (km)
Maandag, 26 Julie	Clanwilliam	Loeriesfontein	198
Dinsdag, 27 Julie	Loeriesfontein	Brandvlei	121
Woensdag, 28 Julie	Brandvlei	Kenhardt	143
Donderdag, 29 Julie	Kenhardt	Prieska	221
Vrydag, 30 Julie	Prieska	Douglas	129
Saterdag, 31 Julie	Douglas	Kimberley	107
Maandag, 2 Augustus	Kimberley	Bloemfontein	178
Dinsdag, 3 Augustus	Bloemfontein	Zastron	181
Woensdag, 4 Augustus	Zastron	Lady Grey	97
Donderdag, 5 Augustus	Lady Grey	Elliot	166
Vrydag, 6 Augustus	Elliot	Mthatha	140
Saterdag, 7 Augustus	Mthatha	Koffiebaai	89
			Totaal: 1770

Liedjies

Prys die Heer

Die Here is my vesting
Die Here is my krag
Hy's my bron en Hy's my redding
Die een op wie ek wag
Die Here is my voorspoed
Hy sal vir my voorsien
Soos 'n pa sorg vir sy kinders
Gee Hy meer as wat ek ooit sal kan verdien

Koor:
Prys die Here O my siel
Prys die Heer, want Hy is goed
Prys die Here als wat lewe
Prys die Heer

Die hele skepping sing nou saam
Als wat lewe roem Sy Naam.

Koor herhaal

Die Here is my vesting
Die Here is my krag
Hy's my bron en Hy's my redding
Die Een op wie ek wag

Awesome God/God only knows

Our God is an awesome God,
He reigns from Heaven above
with wisdom, power and love our God
is an awesome God
Herhaal X3
Wide awake while the world is sound asleepin'
Too afraid of what might show up while you're dreamin'
Nobody nobody nobody sees you
Nobody nobody will believe you
Everyday you try to pick up all the pieces
All the memories, they somehow never leave you
Nobody nobody nobody sees you
Nobody nobody would believe you

God only knows what you've been through
God only knows what they say about you
God only knows how it's killing you
Is there a kind of love that God only knows

My lighthouse

In my wrestling and in my doubts
In my failures You won't walk out
Your great love will lead me through
You are the peace in my troubled sea,
You are the peace in my troubled sea
In the silence, You won't let go
In the questions, Your truth will hold
Your great love will lead me through
You are the peace in my troubled sea,
You are the peace in my troubled sea
Chorus:
My Lighthouse, my lighthouse
Shining in the darkness, I will follow You
My lighthouse, my lighthouse
I will trust the promise,
You will carry me safe to shore
Safe to shore
Safe to shore
Safe to shore

I won't fear what tomorrow brings
With each morning I'll rise and sing
My God's love will lead me through
You are the peace in my troubled sea,
You are the peace in my troubled sea,
You are my light
Chorus repeats
Fire before us, You're the brightest
You will lead us through the storms
Fire before us, You're the brightest
You will lead us through the storms
Fire before us, You're the brightest
You will lead us through the storms
Chorus repeats

In die hemel is die Heer/ Al julle volke klap julle hande

In die hemel is die Heer
en Sy glans is soos kristal
Hy's die heilige van God
en Hy heers oor die heelal

Koor:
Daar is mag in Sy woord, soos die waters druis
Sy stem
Soos die son op die see se blou
so die rykdom van Sy trou
Al julle volke klap julle hande juig tot eer van God
Verhef Sy stem en roem Sy naam in elke stad op aarde
Sins en sing en sing dan saam
loof en prys Sy grote naam
Hy is Koning ewig in die hemel en op aarde
Sing en sing en sing dan saam
loof en prys Sy grote naam
want die Hemelkoning skenk ons Sy genade
Miljoene in gereedheid staan die eng'le om Sy troon
Verbysterend Sy sieraad en die weelde van Sy kroon

Koor herhaal





There was Jesus

Every time, I try to make it on my own,
every time I try to stand, I start to fall
And all those lonely roads that I have travelled on
there was Jesus
When the life I built came crashing to the ground,
when the friends I had were nowhere to be found
I couldn't see it then, but I can see it now
there was Jesus

Chorus
In the waiting, in the searching,
in the healing, in the hurting.
Like a blessing buried in the broken pieces
Every minute, ev'ry moment,
where I've been or where I'm going
Even when I didn't know it or couldn't see it
and there was Jesus
For this man who needs amazing kind of grace
for forgiveness and at a price I couldn't pay
I'm not perfect so thank God ev'ry day
There was Jesus

Chorus repeat
On the mountain, in the valleys
There was Jesus
In the shadows, of the valleys
There was Jesus
Always is and always was
No I never walk alone
You're always there
Chorus repeats

Houtkruis

O, daar was 'n houtkruis
'n Redder aan 'n houtkruis vas geslaan
Ja, daar was 'n houtkruis en daarom sal ek sing
Ek onthou vir Dawid voor die ark het hy gedans
en sing
Na die kruis van Jesus hoe sal ons kan hande
vou en swyg

Want daar was 'n houtkruis
'n Redder aan 'n houtkruis vasgeslaan
Ja, daar was 'n houtkruis en daarom sal ek sing
Wie sal my kan stil maak
Wie sal my kitaar se snaar afbreek
Wie sal my kan doodmaak as my voete in dans
los wil breek

Ek vra nie hoe jy voel nie
as gevoelens hoegenaamd besluite raak
Dan was daar nooit die pyn nie
toe die spykers deur die bloed daardie
houtkruis kraak

BYVOORBAAT DANK AAN AL ONS BORGE:

Coca-Cola Peninsula Beverages

BOS Brands